We felt engaged with one another and with people who eagerly gave us maps to their favourite destinations. I remembered how to return to certain beaches and coffee shops without any help. I remembered how to get there because my brain was engaged while navigating the first time. I began to recognise landmarks and rivers that wound their way throughout the island. What a refreshing change from our typical dependence on Google Maps!

A great deal of work has been done so that we can have the detailed and helpful information

on Google Maps at our fingertips. And this popular app provides detailed information fast. When travelling to a new destination, there is no work required when using Google Maps. No need to call your friend and ask for directions to her new house. No need to pay attention to landmarks or rivers on the way to a new restaurant. If you make a wrong turn, the app will make the needed adjustments, and the disembodied voice will tell you which way to turn. Using the Google Maps app is certainly easier and faster than using paper maps.

HOW DO PRINCE EDWARD ISLAND AND GOOGLE MAPS CONNECT TO BIBLE STUDY AND COMMENTARIES?

After years of studying the Bible, teaching it, and teaching others how to study and teach it, I am convinced that commentaries are best used like Google Maps. Commentaries are wonderful resources, offering detailed and helpful information from the experts, but don't reach for your favourites too soon. Why? I'll highlight three reasons.

1. HOLDING OFF ON COMMENTARIES ENCOURAGES ENGAGEMENT WITH GOD AND WITH OTHERS

When we open our Bibles, we are not reading it only for information; we are meeting with a Person. While we are reading the Word, we are to engage the One Who breathed it out. Bible study should be a conversation, talking to God and asking Him our hard questions. We are to delight in His words and delight in Him as we read about His ways and His character in verse after verse, chapter after chapter, and book after book.

One of my favourite things about corporate Bible study is the opportunity to engage with others about their time in the Word. When we immediately reach for commentaries to answer our pressing questions, we will not be as eager to hear from our brothers and sisters in Christ and what they discovered during their study. When minds are engaged, listening and considering, impor-

tant connections in the Scriptures are made, and important connections are made with people. When we hold off reaching for quick answers in a commentary, there is space for rich conversation with God and with others.

2. DOING THE WORK HELPS YOU REMEMBER

I have lived in the Dallas area for over twenty-five years, and I still need Google Maps to get to many popular destinations. I have only been to Prince Edward Island once and for only a few days, yet I could drive to Greenwich Beach and my favourite coffee shop with no apps, no problem. Why? Because I used my brain to get there, following little black lines on the cute paper map with tiny lighthouses dotted all over it. I asked the sweet college girl at the guest information centre what landmarks to look for as I drove from Greenwich Beach to the coffee shop she recommended, listening carefully as she described what to look for and where to turn.

Do the work first and wait to reach for quick answers in a commentary. Choose to read the cross-references and see how Scripture helps interpret Scripture. Read the difficult verse in a few other Bible translations. Look up words like 'propitiation' in the dictionary and see what insight you gain. Ask God to help you, to open your eyes to understand the Scriptures (Luke 24:45). Be patient. When understanding does come, it will stick. You will remember what you discovered, even years later, because your brain was engaged. An answer from a commentary is faster, but forgetting the answer will also be faster. Like Google Maps, you will remain dependent on the commentary to get you there the next time the same question surfaces.

3. YOU LEARN TO RECOGNISE LANDMARKS AND PATTERNS THAT ARE WOVEN THROUGHOUT THE SCRIPTURES

Like the rivers woven through Prince Edward Island's landscape, there are patterns woven throughout the Scriptures. The more familiar you become with

the Bible, the quicker you recognise the "landmarks" of creation, covenant, exile, redemption, gardens, water (the flood, the Red Sea, the Jordan River), etc. Then you begin to look for the landmarks and the patterns, which adds to your insight. It's thrilling!

So, should Bible study participants be encouraged to use commentaries? Commentaries are wonderful resources, just reach for the trusted commentary after you have engaged with God, engaged with others, and after having done the work first. Use commentaries like Wes and I used Google Maps in Prince Edward Island - to confirm that you are on the right track and not way off course. And to learn even more after you've gained insight. What a joy it is to reach for a trusted commentary and find that your insights align with the commentator's insights! You will grow in confidence that you can study the Bible and that God is delighted to meet you there.

How do I know which commentaries to choose? Start by asking a trusted pastor or Bible teacher for commentaries they recommend. My favourite resource for commentaries is Tim Challies's list, Best Commentaries on Every Book of the Bible. Commentaries, and the Bible scholars who have written them, are a gift to the Church. I regularly use commentaries to prepare to teach, and I feel grateful when I reach for one. But I do the hard work of studying first. The Bible is not an easy read. It is an ancient text written in different languages, by different authors, and in different cultures. Big questions surface while reading it. The meaning can be hard to interpret. We will need help from the experts. But don't let impatience be the motivation behind opening a commentary. Engage God while you read His Word. Engage the people He made. Create connections and memories as you do the work. Learn the landmarks and patterns of the Scriptures as you do so. Enjoy God while you navigate the Scriptures. It will be a trip you'll never forget!

colleensearcy.com



Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060



Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom

Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



Thank you to all our loyal customers for your support!

Rus in Hom

INLEIDING

Ons lees in Markus 6 hoe Jesus Sy dissipels twee-twee uitgestuur om die Evangelie te gaan verkondig, siekes gesond te maak, en bese geeste uit te dryf. Dit was 'n wonderlike, kragtige sending. Hulle het met blydschap teruggekeer en verslag kom doen. Tog was die nood van mense baie groot. Jesus het egter met wysheid opgetree. Hy het gesê dat die dissipels eenkant moet kom om te rus: *“Die apostels het na Jesus toe teruggekom en vir Hom alles vertel wat hulle gedoen en wat hulle die mense geleer het. Omdat daar voortdurend talle mense gekom en gegaan het sodat hulle selfs nie kans gekry het om te eet nie, het Jesus toe vir hulle gesê: ‘Kom julle nou self eenkant toe na ‘n stil plek en skeep ‘n bietjie asem.’ Hulle het toe per skuit na ‘n stil plek vertrek waar hulle alleen kon wees”* (Markus 6:30-32 NLV). Hierin is 'n kosbare les opgesluit: ons moet gereeld rus, asem skeep, selfs van bedieningswerk, sodat ons daarmee kan volhou. Die geestelike lewe is 'n maraton, nie 'n naelloop nie. Ons lees in Psalm 103:13-14 (OV), *“Soos ‘n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.”* Ons Hemelse Vader weet dat ons rus nodig het. Kom ons let op enkele gedagtes rondom 'rus' in die Woord.

1. GOD HET GERUS OP DIE SEWENDE SKEPPINGSDAG

Ons lees die skeppingsverhaal in Genesis 2. In verse 2-3 lees ons: *“God was op die sewende dag klaar met Sy werk wat Hy gedoen het; en Hy het op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gedoen het. God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar (afgesonder), want op dié dag het Hy gerus van al Sy werk - dit wat God geskep het deur dit te maak”* (DV). Hier is die eerste verwysing na die konsep “heiligh” in die Bybel. God het 'n rusdag vir ons bepaal en 'n voorbeeld gestel sodat ons ook gereeld 'n rustyd in ons program kan inbou. God het nie nodig om te rus nie (Jes. 40:28), maar Hy het met ons in gedagte besluit om van Sy skeppingsdade te rus. Hierdie dag is gevul met heilige betekenis: ons sonder ons af en rig ons gedagtes op Hom, sodat ons Hom kan soek en vind. Terwyl ons liggame rus, kan ons gees uitreik na die Heilige Gees sodat Hy met ons kan spreek. Dit is 'n praktyk wat ons in ons lewens moet inbou. Dis 'n geestelike lewenslyn, en dit is broodnodig indien ons in oorwinning wil wandel.

2. DIE SABBAT IN DIE OU TESTAMENT

Wanneer Moses die Tien Gebooie

aan die Israeliete voorhou, sien ons dat God die sabbatdag steeds belangrik ag: *“Onthou om die Sabbatdag vir God te vier. Ses dae lank kan jy met jou daaglikse werk aangaan. Die sewende dag is die Here jou God se rusdag. Niemand in jou huis mag op daardie dag aangaan met gewone werk nie. Dit sluit in: jy, jou seuns en dogters, jou manlike en vroulike slawe, die vee wat aan jou behoort en alle buitelanders wat by jou oorbly. Die Here het in ses dae die hemel, die aarde, die see en alles wat daarin is, gemaak. Op die sewende dag het Hy tot rus gekom. Om daardie rede het die Here die sewende dag geseën en vir Homself eenkant gesit as Sy heilige dag”* (Eks. 20:8-11 NLV). Hierdie Joodse gebruik is 'n heenwysing na die geestelike rus waarna ons almal smag. Ons kan hierdie beginsel met vrug in ons alledaagse, besige lewe toepas, maar ons moet veral ook let op die geestelike implikasie daarvan. Ons sien iets hiervan in Deut. 5:15, *“Onthou dat jy vroeër slawe in Egipte was en dat die Here jou God jou met groot krag en magtige dade daaruit gebring het. Dit is waarom die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te vier.”* Die geestelike dimensie van die rusdag tree na vore: dit is 'n tyd wanneer daar op redding gelet moet word. So moet ons ons aandag gereeld vestig op die geestelike redding wat God vir ons bewerk het. Hier is ook 'n heenwysing na die nagmaal: *“en nadat Hy gedank het, het Hy dit [die brood] gebreek en gesê: Neem, eet; dit is My liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot My gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot My gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom”* (1 Kor. 11:24-26). Paulus verduidelik dat ons die nagmaal vier tot nagedagtenis van Jesus se dood wat vir ons die saligheid gebring het. Ons moet in dankbaarheid ons redding gedenk.

3. ONS SABBATSRUS

Ons lees verder in Heb. 4:3-4 (DV), *“Ons wat tot geloof gekom het, gaan immers wel die rus in - soos Hy gesê het, ‘So het Ek in My toorn gesweer, ‘Hulle sal beslis nie in My rus ingaan nie!’ al was God se werke reeds vanaf die grondlegging van die wêreld afgehandel. Hy het immers êrens aangaande die sewende dag gesê: ‘God het op die sewende dag van al Sy werke gerus.’”* Die Hebreërskrywer neem 'n voorbeeld uit die geskiedenis van Israel en maak 'n toepassing: Weens die ongehoorsaamheid en ongeloof van die

Israeliete kon hulle nie in die Beloofde Land, in God se rus, ingaan nie. Die skrywer fokus ook op die feit dat God gerus het van Sy skeppingswerk. Hierdie belofte van rus is steeds beskikbaar: ons kan in God se geestelike rus ingaan (4:1). Maar dit moet met geloof gedoen word. Die Nuwe Lewende Vertaling stel dit so: *“God se belofte dat ons Sy rus kan binnegaan, staan nog steeds. Daarom moet ons oppas dat dit nie dalk blyk dat een van julle langs die pad agtergebly het nie. Want hierdie blye boodskap van ‘n plek van rus het ons ook ontvang, net soos hulle. Dit het hulle egter niks gebaat nie omdat hulle die boodskap wat hulle gehoor het, nie geglo het nie. Want net as ons glo, kan ons die rus binnegaan”* (4:1-3). Wat 'n wonderlike gawe dat ons ons swaer geestelike laste kan aflê en in God se rus kan ingaan! Vry van eie pogings om Sy guns te wen en onself te verbeter en aanvaarbaar te probeer maak vir 'n heilige God. Dit is ook 'n unieke kenmerk van ons geloof: ons verdien nie redding nie, dit is 'n geskenk wat in geloof aanvaar moet word. Laastens moedig die skrywer ons aan om ons in te span om hierdie rus binne te gaan: *“Daar wag dus nog ‘n heel spesiale rus vir God se volk. Want almal wat in hierdie rus van God ingaan, sal self rus van hulle moeitelike arbeid, soos God ook van Sy eie skeppingswerk gerus het. Kom ons span dan alles in om daardie rus binne te gaan sodat niemand van ons dalk hulle slegte voorbeeld van ongehoorsaamheid volg en ook omkom nie”* (vv. 9-11).

Voorts sien ons dat Jesus ons nooi, *“My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader. En niemand ken die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun die Vader wil bekendmaak. Kom na My toe, julle almal wat moeg is en swaar laste moet dra, en Ek sal julle lewens verkwik. Neem My juk op julle skouers. Kom leer van My, want Ek is sag en nederig van hart, en julle sal rus en nuwe moed vir julle lewe kry. Want My juk sal sag op julle skouers rus en My las is lig om te dra”* (Matt. 11:27-30 NLV). Dit is nodig dat ons op die konteks let: Jesus bestraf die onboetvaardige (ongelowige en rebelse) dorpe Gorasin, Betsaida, en Kapernaum. Hulle het hulle nie bekeer en in Jesus geglo nie, ten spyte van die wonderdade wat daar plaasgevind het. Daarna bid Jesus tot die Vader en dank Hom dat Hy geestelike waarhede aan geestelike kinders (nederiges en ontvanklikes) geopenbaar het, terwyl die wyse, intelligente en geleerde mense dit nie verstaan het nie. Nou gaan Hy voort en leer

ons dat Hy die Vader kom openbaar aan wie Hy wil. En laastens nooi Hy ons om te kom en van Hom te leer, sodat ons rus kan vind vir ons siele. Die ‘juk’ verwys na Jesus se lering. In kontras met die Fariseërs se wettiese benadering, leer Jesus ons van genade en die hart van die Vader. Dit is juis hierdie kennis wat ons siele tot bedaring en rus bring, en ons moed gee om 'n lewe van diens te leef, gewy aan die Een wat ons losgekoop het van die sonde.

4. OOMBLIKLIKE, VOORTDURENDE, EN UITEINDELIKE SABBAT

Dit is goed om te onderskei tussen drie fases van rus wat ons moet ingaan. Die Ou Testamenteiese voorbeeld word ten volle vervul in die Messias se lering. Ons sien dus eerstens dat ons in Jesus se rus ingaan wanneer ons glo dat Hy die Messias is. Hy openbaar die Vader aan ons (Joh. 14:9) Dit bring oombliklike vrede en vreugde. Tweedens moet ons egter ons verhouding met God voortdurend uitbou en verstewig. Een Johannes 1:7,9 (DV) leer ons, *“maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, Sy Seun, ons van elke sonde... As ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig.”* Soos wat ons in gemeenskap met God leef, in Sy lig wandel, is ons aan Hom en aan ons geestelike familie verbonde. In daardie toestand van geestelike gemeenskap en kommunikasie met God, reinig Hy ons voortdurend van ons sonde, soos wat ons dit in die lig bring deur belydenis. Hy reinig ons ook van die skuldgevoel wat sonde meebring, en Hy gee aan ons die soete rus en vrede van iemand wat vergifnis ken en ondervind. Derdens kan ons verseker wees dat God ons in ewige heerlikheid ook ons finale rus sal gee: *“Hy sal elke traan uit hulle oë afdroog. En die dood sal nie meer daar wees nie; ook nie rou of ‘n gehuil of pyn sal meer bestaan nie; want die eerste dinge het verbygegaan”* (Op. 21:4 DV). Dit is ons salige hoop: dat die rus waarin ons gegaan het, eendag volmaak sal wees en tot voltooiing sal kom.

SAMEVATTING

Daar is menigvuldige beloftes van fisiese en geestelike rus vir die een wat tot God gaan en daarvoor vra. Laat ons in nederigheid ons aan God onderwerp en Hom vra om ons Vrededvors te wees: eerstens tydens ons redding, dan elke dag van ons aardse lewe, en uiteindelik wanneer Hy kom om tot in ewigheid te heers. Laat ons in Sy rus ingaan en in Sy rus bly!

© C Venter

The Word as a Mirror

“As water reflects the face, so the heart reflects the person” (Proverbs 27:19).

We are entranced by our own image, borderline obsessive either by the satisfaction or dissatisfaction it brings. Snap a group picture, and we judge whether it needs a retake based on how we look! Whether on a camera or in the mirror, we often miss seeing more deeply than just our physical image. We miss that God’s image is stamped on us, His living, moving, flesh machines with souls that need no external electrical wall outlets but somehow, by grace, manage to breathe, live, love, hurt and be hurt, and make more after our own kind.

There are few clearer and more absolute visions of God’s image than our reflection in the mirror, but how often do we stop to regard the most obvious and persistent evidence of God’s imprint on humanity? Whether it’s visually tracing our features in a pool of water, in a quick side-glance in a shop window, or as we

stand square on facing the mirror every morning and evening, multitudes of opportunities every day reveal to us that we are God’s handiwork, the only artistry that bears Wisdom’s image.

And yet every day, we walk away from the reflection that reveals the inconsistencies between our image and our actions. We look into the most penetrating mirror of all - the Word of God. Oh, that revealer of hearts that penetrates to the marrow of our motivations! We close the reflective Book, forgetting that we were made for the life that Wisdom brings - not the foolish actions that bring destruction to ourselves and others.

“But be doers of the Word and not hearers only, deceiving yourselves. Because if anyone is a hearer of the Word and not a doer, he is like someone looking at his own face in a mirror. For he looks at himself, goes away, and immediately forgets what kind of person he was. But the one who looks intently into the perfect law of freedom and perseveres in it,

and is not a forgetful hearer but a doer who works - this person will be blessed in what he does” (James 1:22-25).

We behold ourselves in the Gospel mirror as we truly are, yet walk away ignoring what Wisdom has shown us; that we are fallen, and desperately in need of Christ’s total redemption. We exult in the bold, gradient shadings of a perfect peach-tinged sunset, yet we turn away from it and step right over the wounded, grey-faced man lying in the street who bears the very image of God. What we ignore of self extends to what we are willing to ignore about others. When we forget our faces, we willfully crush and abuse our neighbour with our arrogance, self-righteousness, harsh and cruel words, and unjust actions.

Wisdom encourages the believer to watch our lives and doctrine closely to be sure there is harmony between what we know about God, and how we obey Him; it’s of vital importance that our epistemology (theory of know-

ledge, judgment of what is fact) and our ethics (behaviour) match. Moreover, Christ gives the wisdom and power of the Holy Spirit to make this image consistent as we reflect His character to the unbelievers, so that their cries of our hypocrisy are empty.

How bold of Wisdom to constantly remind us of who we are without Christ and who we are with Him; that’s a truly sober estimate. We have been set free by the law of liberty. We move out of the bondage of the house of Folly and destruction and enter through the open door the House of Liberty; the House of Wisdom; the House of Life.

Come to the mirror of the soul - the Word - that shows you not only as you are, but as all that you are supposed to be. Be not a forgetful hearer, but a doer of the Word. See and act. Be changed. How good of Wisdom, to save us from ourselves!

- *Wisdom's Call: 100 Meditations for a Life in Christ* by K.A. Ellis, Moody Publishers

Blote Herderstaf of Goddelike Instrument?

“Moses het egter bly teëstribbel: ‘En as hulle my nie glo nie? Hulle sal nie doen wat ek vir hulle sê nie. Hulle sal sommer sê: ‘Jy het nie regtig die Here ontmoet nie.’” Toe vra die Here vir hom: *‘Wat het jy daar in jou hand?’ ‘n Herderstok,’ antwoord Moses. ‘Gooi dit op die grond neer,’ het die Here vir hom gesê. Hy gooi dit toe op die grond en dit het ‘n slang geword. Moses het geskrik en hy wou daarvan weghardloop. Maar die Here sê vir hom: ‘Gryp dit aan sy stert!’* Toe Moses dit gryp, *het dit weer ‘n herderstok geword”* (Eksodus 4:1-4 NLV).

Een Bybelonderwyser wys die volgende uit: God stap ‘n geestelike pad met jou. Soms kronkel hierdie pad oor hoë berge, en soms gaan dit deur valleie. Soms lei dit jou deur die warm, droë, verlate woestyn.

Gedurende jou opleidingsreis deur die wildernis sal jy waarskynlik dink dat God jou op die verkeerde pad lei; dat Hy goed sê wat nie sin maak nie. Dit is onverklaarbaar en blykbaar onsin. Maar Sy bevele gaan nie gewoonlik met ‘n verduideliking gepaard nie. Wanneer jy nie kan agterkom wat Hy besig is om te doen nie,

moet jy Hom vertrou, al verstaan jy nie Sy handelswyse nie.

God het Moses na die Israeliete gestuur om hulle van Egiptiese slawerny te verlos. Hy het vir Moses ‘n teken gegee sodat die Israeliete sou glo dat God hom afgesonder het om hulle uit Egipte te red: sy herderstaf het ‘n slang geword! Nadat Moses egter die slang aan sy stert gegryp en opgetel het, het dit weer ‘n herderstaf geword. Dit het van ‘n eenvoudige herderstaf verander in ‘n besondere staf wat God gebruik het om vir Moses ‘n teken te gee.

Ons kan egter ‘n verdere toepassing maak uit hierdie verhaal. God het as’t ware die slang uit Moses se herderstok verwyder. Die verskuilde, negatiewe element wat in Moses se bekende en betroubare staf weggekruipt het. Moses moes die één ding waarop hy kon staat maak - sy ou, bekende, beproefde herderstok - prysgee. Hy moes God vertrou om hom na die onbekende (of ou bekende) te lei, ten spyte van sy seer verlede en sy onsekerheid oor hoe die mense sou reageer. Hy moes homself op God werp.

God mag jou van sekere dinge

stroop sodat jy jou afhanklikheid van Hom kan besef. Jy sal gelei word om alles aan God se voete neer te lê en net op Hom te vertrou vir die uitkoms van ‘n moeilike opdrag. In die woestyn word ‘n mens gestroop van enige hulp of enigets wat jy van waarde skat. Net maar op God kan ons vertrou. Niks anders sal help nie. Soos Charles Stanley gereeld gesê het, *“Obey God and leave all the consequences to Him.”*

Hierdie stroping gaan egter met krag gepaard. Daar is dinge waaraan jy wil vashou wat jy moet loslaat, sodat God die slang daarin kan verwyder. Die eiesinnigheid of eiewaarde of selfvertroue kan ‘n probleem wees, omdat dit vleeslik kan wees. God wil ons leer dat Hy alleenlik gesuiverde instrumente kan gebruik.

Waaraan klou jy vandag vas? ‘n Begeerte om ‘n onderwyser te wees? ‘n Musikale talent? ‘n Aanleg vir besigheid? Leierskapseienskappe? Vaardighede? Neem jou gawe en talent, wat dit ook al mag wees, en gooi dit voor God op die grond neer. *“En gooi die gouderts in die stof en tussen die rotse van die spruite die goud van Ofir. Dan sal die Almagtige jou*



gouderts wees en stawe silwer vir jou” (Job 22:24-25 OV). God is die enigste Een wat weet of daar ‘n slang daarinne skuil. Hy kan die ‘vleeslike’ element verwyder, dit seën en vir jou ‘n instrument wat vir diens geskik is, teruggee. God sal jou doodgewone herderstok verander in ‘n wonderlike instrument van Sy voorsiening. Indien jy toelaat dat Hy jou van jouself stroop, sal God jou ‘n bruikbare en skoon en heilige instrument in Sy Hand maak!

- Bob & Debby Gass

THRIVING IN THE IN-BETWEEN

DISCOVERING PEACE AND PURPOSE IN TIMES OF CHANGE

INTRODUCTION

Change is inevitable - we can't avoid it. It is the only constant. Everything changes, even the most stable things or relationships in our lives. Sometimes we choose change, and sometimes it chooses us.

Some changes are exciting, others are painful. Either way, change always brings transition - the in-between place where the old is behind us but the new has not yet fully arrived. It is like a twilight zone, a passage way that we pass through, while we wait for daybreak.

Transition is often uncomfortable. It stretches our faith, tests our patience, and challenges our sense of control and security. We long for past comforts or future blessings, but rarely are we overjoyed in this time of waiting. But here's the good news: in every transition, God is with us! He doesn't just lead us into change - He walks with us through it and delivers us to the promised land.

1. ASK GOD TO LEAD YOU THROUGH THE TRANSITION

When life feels uncertain, our greatest comfort is knowing that God is still leading us. He will never leave nor forsake us. Like a gentle Father, He speaks to our hearts and guides us to our destination. David understood this when he wrote: *"The LORD is my Shepherd; I shall not want. He makes me lie down in green pastures, He leads me beside quiet waters, He restores my soul. He guides me in paths of righteousness for His Name's sake"* (Psalm 23:1-3).

Notice: God both leads and guides. He knows the way through our season of transition. He knows your past, but also your future. And He wants what is best for us. Don't try to figure it out on your own - let Him take the lead. Trust Him with your path, your plans, your hopes and dreams.

2. STAY FOCUSED ON JESUS

Transition is indeed a time of uncertainty. It can easily lead to fear, doubt, or distraction. We can become disheartened and perplexed, without perspective or focus. That's why we must fix our eyes on Jesus Who is our Guide and Intercessor. *"Let us run with endurance the race that is set before us, looking unto Jesus, the Author and Finisher of our faith"* (Hebrews 12:1-2).

Your race will look different from anyone else's. Do not compare your spiritual journey with those of others. Rather, trust in Jesus to

carry you through. The same truth applies to everyone - keep your focus on Him, He'll help you finish strong.

3. DON'T LIVE IN THE PAST

One of the greatest dangers during our time of transition is the temptation to look back. We long for the security of the familiar. We tend to romanticise the past and call them "the good old days," but clinging to what was can keep us from what God wants to do next.

Bring your insecurity and uncertainty to the God Who says: *"Forget the former things; do not dwell on the past. See, I am doing a new thing! Now it springs up; do you not perceive it?"* (Isaiah 43:18-19). Transition means leaving behind what is over so that you can step into what is new. Letting go of what you know will open the door to God's blessing and lead you to the next phase of your spiritual journey.

4. LEARN FLEXIBILITY

Change rarely arrives the way we expect. We usually don't like change when we're comfortable with the status quo. That's why flexibility is key. I once heard it said: "Blessed are the flexible, for they shall not be broken."

In Jeremiah 18, God is pictured as a Potter shaping clay. For the clay to become what the Potter intends, it must remain soft and pliable. In the same way, we must stay surrendered to God, allowing Him to shape us through our season of transition. If we remain pliable in His Hands, He can fashion us into the most beautiful of instruments, set apart for His special use.

5. KEEP A TENDER HEART

Transition can harden people if they're not careful. Disappointment, pain, or fear can cause our hearts to grow cold or distant. But God desires tender, responsive hearts: *"I will give you a new heart and put a new spirit within you; I will remove from you your heart of stone and give you a heart of flesh"* (Ezekiel 36:26).

A soft heart allows God to bring healing, wisdom, and growth in the midst of change. Be determined to stay pliable in God's Hand, so that He can bring to completion the purposes He has for you. Let God heal your brokenness, give you peace, and anoint you with fresh vision and compassion. In this way, He will be able to love others through you.

6. HOLD ON TO THE PROMISES OF GOD

In times of transition, doubt will

try to creep in. The waiting may feel never-ending. You may begin questioning what God told you before the change began. But cling to His Word and promises. He hasn't changed His mind.

Paul encouraged Timothy to *"fight the good fight of faith"* (1 Timothy 6:12). That fight often happens during the transition - when nothing looks like what God had promised us. It is exactly then that we need to revisit the spiritual milestones we have set up for ourselves. Don't let go of His Word. It will carry you through until His promise comes to pass. We will reap in due season, if we don't despair and let go, but keep trusting that God is faithful to fulfil His Word. He is not a man that He should lie.

7. ASK GOD FOR HELP

The good news is we don't have to navigate transition alone. God is close to us when we call out to Him: *"The LORD is near to all who call on Him, to all who call on Him in truth"* (Psalm 145:18).

No matter where you are in the process of change, you can ask for His help, and He will respond. He will be there to catch you if you think you might fall. He is ever-

present and will love you through a time of preparation.

8. REST IN HIS PRESENCE

The most powerful anchor in a time of transition is the Presence of God. Moses knew this when God promised: *"My Presence will go with you, and I will give you rest"* (Exodus 33:14).

Stop striving. Cease trying to find solutions on your own. If you stay close to His Presence, you can face anything - because His Presence brings peace in the uncertainty and strength for the journey.

CONCLUSION

Change is hard, but transition is holy ground. It's the place where God reshapes us, strengthens our faith, and prepares us for what's ahead. Ask Him to lead you and keep your eyes on Jesus. Let go of the past and stay flexible. Keep your heart soft and hold on to His promises. Call on Him for help and rest in His Presence. In the end, transition isn't just about surviving change - it's about stepping into the new thing God has for you! You will be so glad you did.

- Adapted from notes by pastor Andrew W. Roebert

'n Geloof
wat Voete Kry

"Liewe broers en susters, dink julle dit gaan help as iemand oral rondvertel dat hy glo, maar glad nie soos 'n gelowige optree nie? Die blote gepraterij oor geloof is tog nie genoeg om so 'n mens se saak met God reg te maak nie" (Jakobus 2:14 DB).

Jakobus praat nie hier téén Paulus nie, maar sáám met hom. Aanvullend. Komplementêr. Paulus sê ons word nie deur werke gered nie, maar Jakobus sê: as jou geloof niks wys nie, was dit ooit regtig geloof?

Dis soos 'n motor sonder petrol - mooi verf en blink bande, maar hy ry nêrens heen nie. Ware geloof sit hande en voete aan: dit kook sop vir 'n siek buurvrou, dit luister na 'n kind wat moedeloos huis toe kom, dit gee 'n stem vir die stemloses.

Ons leef in 'n wêreld vol leë slagspreuke en mooi plasings op Facebook, maar Jakobus herinner ons: die wêreld word nie gered deur goeie bedoelings nie - maar deur geloof waarvan die egtheid deur goeie dade bewys word.

John Wesley het gesê: "Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, to all the people you can, as long as ever you can."

Waar kan ek vandag my geloof wys in iets kleins, prakties en konkreet?

Gebod: Here, red my van 'n leë geloof wat net praat en nooit doen nie. Gee my oë om geleenthede te sien en gewillige hande om liefde uit te leef. Laat my geloof nie 'n etiket wees nie, maar 'n lewende getuigenis van U genade. Amen.

- Hettie Wessels

Walk in Him!

As we read Colossians 2:6-9, Paul starts by telling the church of Colossae that *"...just as you have received Christ you should walk in Him, rooted and built up in Him and established in the faith, just as you were taught, abounding in thanksgiving."* Paul says, *"...just as they received Christ."* Ephesians 2:8-9 says, *"...by grace, you have been saved, through faith."* Our faith is in Christ alone and the works of His death, burial, and resurrection. In that same manner of faith, we are encouraged to walk in Him (2 Corinthians 5:7).

For 20 years, I have walked with the Lord and faced many trials: death, illness, loss of employment, betrayal, etc. I share all this

to say, "He is still faithful" and desires you to walk in Him.

Today, like Paul, I want to encourage you with some practical ways to practise intimacy with Him so that when the day of trouble comes, you can stand firm in your faith in Him, letting nothing lead you astray. In each of these, incorporate communion and remind yourself of His great love.

1. One of my favourite ways to be with Him in the storm is by turning on worship music and saturating myself in His Presence. As I come before Him with a heart of worship and thanksgiving, I am encouraged and built up in Him as I remember His goodness (Psalm

63:3-4). When I draw near to Him, He draws near to me.

2. Find a place where you can rest alone in Him. Take a walk, lie down on your bed, or sit at the beach. It is in the place of rest that we fully learn to place our trust in Him. When we are resting in His Presence, He always shows up with peace that surpasses all understanding (Philippians 4:17).

3. Another practical way to practice intimacy is to sit, take a deep breath, and meditate on His truth. This has been such a lifesaver when I am feeling overwhelmed (Romans 10:17). The Word encourages us and builds us up in our most holy faith.

Beloved, it is in Him that we are brought into His fullness. In this place, allow His truth, which is the Word of God, to water your roots so that you may be built up by knowing Him. It is here that you will be established and strengthened in His great love.

Prayer: Lord, thank You for the sweet reminder of Your love and desire for union with me. Every day, may I live from this place, being filled and made complete in Christ. Let all the days of my life be filled with more and more of You so that when the day of trouble comes, I can stand firm in my faith. Amen.

- Cindy Vazquez, Event Coordinator at UPPERROOM
<https://upperroom.co>

'n Lewensnoodsaaklike Gewoonte

"Maar ek, ek roep God aan, en die Here sal my verlos" (Psalm 55:17).

'n Antieke Europese klooster wat op 'n hoë krans met 'n diepe afgrond gebou is, kon slegs deur middel van 'n mandjie, wat deur 'n enkele tou wat deur 'n reeks katrolle beheer is, bereik word.

Op 'n dag het 'n besorgde besoeker opgemerk dat die tou op verskeie plekke uitgerafel is. In die hoop om sy angste te verlig, het hy die monnik wat die rit met hom gedeel het, gevra: 'Hoe gereeld vervang julle die tou?'

Onverstoord het die monnik geantwoord: 'Wanneer dit breek!'

Net soos masjinerie, gesondheid en verhoudings voortdurende aandag en instandhouding ver-

eis, moet jy dieselfde met jou geestelike lewe doen. Roetine en herhaling kan geestelike lewensredders wees.

Geestelike uitnemendheid is nie 'n daad nie; dis 'n gewoonte! Kyk na gebed en oordenking. Dit is veronderstel om gewoontes te wees wat jy elke dag beoef; dis nie veronderstel om die uitsondering te wees nie. Moenie wag totdat die tou breek voor jy dit in jou lewe inkorporeer nie!

Gebed moet eerstens 'n geestelike dissipline wees. God se Woord bepaal dat dit nie net bloot 'n daad nie, maar 'n lewenslange gewoonte moet wees.

Paulus beveel ons om *"...alles deur gebed en smeking [te doen]. Laat die Gees julle elke keer in die gebed lei..."* (Efesiërs 6:18 NLV).

"Moenie ophou bid nie" (1 Tessa-lonisense 5:17 NLV).

Die Psalmdigter Dawid het hierdie beginsel verstaan: *"Ek sal saans en môre en middag bid en hardop roep..."* Daniël het ook hierdie beginsel beoefen: *"...Hy het daar drie maal 'n dag op sy knieë gegaan om vir sy God te bid en om Hom te loof, soos hy gewoon was om te doen"* (Daniël 6:11 NLV). Dis 'n roetine wat kragtig en effektief vir beide mense was - en dis een wat ook vir jou sal werk!

Hou dus jou geestelike lewe in stand deur voortdurende gebed. Werk aan die belangrikste verhouding in jou lewe - dié met jou Hemelse Vader, deur gereeld met Hom te kommunikeer. Sodoende sal jy Sy hart en wil vir jou lewe verstaan.

- Oorgeneem



Jer. 20:11

★★★

B&B

Uit die Hand

KLERKSDORP

BETER PRYSE VIR HOSPITAALBESOEKERS

Skakel "Alte-Welkom"

082 492 2299

018 468 1921

altewelkom@telkomsa.net

www.altewelkom.com

v a n d i e H E E R

Kom vler saam met ons die

VREUGDE VAN KERSFEES

met liriek en melodie!

DATUM: 16 NOVEMBER 2025

TYD: 18:00

PLEK: OASE VAN HOOP AGS BAILLIE PARK

WYNNESTRAAT 18, POTCHEFSTROOM